Son 7 Februarie(2Kor 9:15, Hand 27:35, Rom1:8, 1Kor 10:13)

Liefdevolle Vader, skenk aan ons 'n dankbare hart. U is so oneindig goed vir ons en hoe dikwels sien ons dit nie raak nie! U is die Bron van al ons seëninge. Dankie vir al U gawes. Dankie vir die kos op ons tafels. Dankie vir bewaring van versoekings. Dankie vir familie en vriende en vir 'n gemeente waaraan ons kan behoort. Baie dankie

Ma 8 Februarie(1Tim 2:1-6, 1Petr 2:17)

Allerhoogste, U regeer vir ewig en alle gesag is aan U ondergeskik. Daarom bid ons vir die regering van ons land en vra dat U hulle sal onderrig en leer om goeie leiers te wees. Laat U Heilige Gees asb in hulle harte werk en gebruik selfs die wat ongelowig is om U groter doel te bereik. Suiwer hulle van korrupsie, eie belang en hoogmoed. Seën hulle asb.

Di 9 Februarie(1Petr 5:6-11, Ef 3:14-21)

Skepper-God, alle mense het hul bestaan aan U te danke; elkeen het sy naam van U ontvang; elke gelowige is wat en wie hulle is, omdat U hulle so gemaak het. Gee asb vir ons meer begrip vir mekaar. Ons voer almal een of ander innerlike stryd en word deur die bose aangeval. Ons gebed is dat U ons deur U Gees met krag sal versterk in die innerlike mens en dat U ons self weer sal oprig en ons moedig, sterk en standvastig sal maak.

Woe 10 Februarie(Ef 4:1 en vs 24)

Here, help ons met ons dade en ons hele lewenswandel, laat ons waardig en heilig lewe in ooreenstemming met die roeping wat ons van U ontvang het. Laat ons optrede wanneer ons alleen is, of as ons net by ons gesin is, of by die werk en by ons vriende of tussen ander gelowiges of ongelowiges altyd so wees dat U trots op ons sal wees. Laat ons ons lewenstyl volgens U wil inrig. Help ons asb daarmee

Do 11 Februarie(Kol 2:1-15, 2Petr 1:5-11)

Goeie God, dankie vir die geleentheid wat ons het om in te skakel by kleingroepe, waar ons saam kan strewe na dieper insig en geestelike groei, waar ons U beter kan leer ken rondom U Woord, waar ons geloof verryk en versterk kan word en ons mekaar en ander kan ondersteun. Laat elke kleingroep hulle beywer vir deugsaamheid, kennis, selfbeheersing, volharding, godsvrug, liefde vir mekaar en vir alle mense.

Vry 12 Februarie (1Tess5:19-24, 2Tim 2:22-26)

Here, hou asb ons jongmense- dié wat studeer, dié wat werk en hulle wat nog nie met iets kon begin nie – baie styf vas. Leer hulle om die baie energie wat hulle het, te gebruik om goed te doen en reg te leef. Kanaliseer hulle ywer om nuwe kennis op te doen in die regte rigting. Laat hulle vasstaan in die geloof en 'n getuienis wees wat ander jongmense kan help om op die regte pad te kom.

Sat 13 Februarie(Ps 121:7-8, Job 11:18)

Getroue God, ons bid vandag vir ons leraars en hulle gesinne. Gee asb vir hulle hoop en verwagting, sodat hulle gerus sal wees oor die toekoms en U sal vertrou. Beskerm hulle elke dag waar hul ookal is: by die huis, by die werk of skool, of miskien êrens op pad. Seën hulle asb met goeie gesondheid en met krag. Bewaar hulle van elke onheil en teen aanvalle van die bose

V O L H A R D

Son 14 Februarie(1Kor 2:5, 1Kor 4:20)

God van alle tye, baie dankie vir U Woord, dankie vir bybelvertalers, dankie vir predikers wat U Woord verkondig. Ons loof U dat ons vertroue op U en U boodskap nie gegrond is op mense se idees nie, maar dat dit vierkantig op die krag van God staan, want U koninkryk bestaan nie in woorde nie, maar in krag. Seën dan nou elke erediens en praat U deur elke leraar.

Ma 15 Februarie(Jak 5:13-20, Fil 1:6, Rom 5:8)

Here, ons dink met groot deernis aan mense wat een of ander afhanklikheidsprobleem het. Ons dink ook aan hulle families wat baie swaar kry. Dankie vir Christelike instansies wat sulke mense weer op die regte pad help – seën hulle asb. En laat ons nooit ophou om vir verslaafdes te bid nie, want in wese is dit net U alleen wat hulle waarlik vry kan maak en kan bewaar as hul weer wil struikel

Di 16 Februarie(2Kor 4:16-18, Fil 4:11-14 en vs 19)

Hemelse Vader, seën asb almal wat nie meer jonk is nie. Help hulle om moedig en blymoedig te bly. Dankie vir die wonder dat die innerlike mens steeds toenemend deur U Gees vernuwe kan word, al is die uiterlike besig om te verswak. Dankie vir 'n wonderlike toekomsverwagting, al weet ons die tyd is besig om uit te loop. Laat U liefde, U genade en U teenwoordigheid hulle sterk maak.

Wo 17 Februarie(Hebr 12:1-3)

Here, omdat U verlossingsgenade deur die geloof in Jesus so 'n groot wonder is, dink ons soms dat die saak daar eindig, terwyl dit maar die begin van die heerlike pad saam met U na die ewigheid toe is! Laat ons tog nie selfgenoegsaam wees en stagneer nie! Laat ons liefde vir U 'n brandende vuur wees sodat ons met ywer U wil sal soek en U stem sal hoor.

Do 18 Februarie(Ps 84, Jer 32:39-40)

Onse Heer, laat ons gemeente U weer met hart en siel liefkry. Wek by ons 'n begeerte na U. Maak ons lus om kerk toe te gaan en U te prys met lofliedere. Laat die behoefte by ons ontstaan om betrokke te wees en laat ons dit geniet om vir U te werk. Maak ons hunkering na U so sterk dat bybel lees, bid en stil wees by U vir ons ononderhandelbare prioriteite word.

Vr 19 Februarie(Matt 18:1-14)

Grote God, dankie dat U Woord ons leer hoe belangrik dit is om kinders te respekteer en goed te behandel. Maak ouers en alle volwassenes opnuut bewus van ons verantwoordelikheid om te sorg dat kinders se geloof nie 'n knou kry nie. Laat ons met groot erns waak oor hulle welsyn en veiligheid. Beskerm asb elke kind teen misbruik en mishandeling. Ons kinders is so kosbaar in U oë!

Sat 20 Februarie(Fil 3:12-16, 2Tim1:6-12)

Ons bring weer ons leraars en kerkleiers na U toe, Here. Ons besef dat hulle nie 'n maklike taak het nie en ons is jammer dat ons hulle nie aldag die nodige ondersteuning gee nie. Ons bid dat U ons leiers sal help om ten spyte van struikelblokke doelgerig te fokus op hul roeping. Wees U hulle krag wanneer hulle swak voel en gee asb nuwe moed en vreugde vir elke dag.

V O L H A R D

GEBEDSPROGRAM: N.G. Kerk Waverley

VOLHARD IN GEBED

Sondag 17 Januarie tot 20 Februarie 2010

'n GEBED VIR WAVERLEY GEMEENTE

Heilige, Almagtige, Drie-enige God,
Ons erken U as die enigste ware God, U wat ons Vader is en ons by die naam geroep het om U kinders te wees en om die blye boodskap van Jesus Christus met ander te deel. Ons was nie altyd gehoorsaam aan U opdrag nie. Ons was dikwels selfsugtig en liefdeloos. Ons het U nie met ywer gedien nie en U was ook nie altyd ons eerste prioriteit nie. Ons staan skuldig en sonder verweer voor U. Ons is jammer, Here. **Baie dankie dat U ons in U Woord verseker dat U ons in Christus reeds vergewe het! Hoe groot is U genade!**
Ons wil so graag verander. U weet hoeveel keer het ons al probeer; U weet van al die aksies en pogings.Maar ons word telkens weer moeg en moedeloos, en ons ywer neem af. Uit eie krag kan ons nie. **Ons is geheel en al van U afhanklik**!
Vader, daarom is ons gebed en smeking dan nou:
Gee ons asb die **volheid van die Heilige Gees**. **Lei en inspireer ons deur U Gees**. Wek asb in ons 'n **brandende begeerte** om U te dien. Maak ons **gewillig om onsself beskikbaar te stel**. Wys vir ons wat ons **gawes** is en waar en hoe ons dit moet aanwend. Help ons om **gehoorsaam** te wees aan U gebooie en om **rein** te lewe. Bewerkstellig **liefde en eensgesindheid** in ons harte. Gee dat ons heelhartig **saam met mekaar en nie teen mekaar nie, sal werk**. Help ons om **vergewensgesind** te wees en nooit bitterheid te koester nie. Gee asb vir ons geestelike **insig en wysheid**, dat ons sal kan **onderskei** tussen reg en verkeerd. Hou ons by die **suiwer leer** volgens U Woord. **Bewaar ons asb teen die listige aanvalle van die duiwel** en keer enige bose planne wat hy mag beraam om ons werk vir U te stuit. Laat ons onverskrokke en blymoedig **van Jesus getuig**. Maak asb vir ons **deure oop vir die evangelie**. Bewaar asb elke dag ons **leraars en hul gesinne, en ook ons leiers**. Gee hul die nodige **moed, krag, wysheid en liefde** sodat hul ook vir ons die regte leiding kan gee.
O Gees van God, werk asb kragtig in en deur ons. Stel ons in staat om die werk waarvoor Jesus aan die kruis gesterf het, onder U leiding voort te sit. Neem U die **volle beheer** oor Waverley Gemeente. **Hou dan nou hierdie gemeente onder U sorg en verhoor tog elke gebed aangaande hiedie saak**.
Ons vra dit in die Naam van Jesus Christus, ons Verlosser, deur die kragtige werking van die Heilige Gees. Baie dankie! Amen.

Seënwense.
Kobie. (Tel. 012 3332916)